

# Bates van twee maatskappye op beslaggele oor gesamentlike R57 miljoen in belastingskuld

**Tshwane, 28 September 2021** - Die bates van 'n logistieke maatskappy, wat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) R39 miljoen in onbetaalde belasting skuld, is deur die balju op beslaggelê nagevolg van 'n burgerlike uitspraak en lasbrief wat deur die Pretoriase Hooggeregshof uitgereik is.

Die Gauteng-gebaseerde maatskappy, Raptosec Logistics (Edms) Bpk, het onbetaalde belasting aan SARS geskuld vir LBS-opgawes wat ingedien is sonder betaling.

SARS se LBS-blitsreaksiespan het by verskeie geleenthede met die belastingpligtige kontak gemaak, maar die maatskappy se nakoming het nooit verbeter nie. SARS het daarna 'n finale aanmaning aan die maatskappy uitgereik op Julie 2021.

In nog 'n saak, het die balju beslaggelê op die bates van Edison Power Gauteng (Edms) Bpk. Die elektries-kontrakterende maatskappy het SARS R18 miljoen geskuld vir LBS-opgawes wat ingedien is sonder betaling.

SARS voorsien sekerheid en helderheid om dit vir belastingpligtiges maklik te maak om hul wetlike verpligtinge na te kom. Terselfdertyd, het SARS sy kapasiteit opgeskerp om nienakoming na te spoor en dit duur te maak vir alle belastingpligtiges, insluitend werkgewers, wat nie verskuldige belasting aan SARS betaal nie.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het SARS se vasberadenheid beaam om die kultuur van nienakoming, wat diep in die bedrywighede van sommige maatskappye gebed is, te ontwortel.

"Ek maan alle belastingpligtiges aan, veral werkgewers, om hul te weerhou van sulke optrede, wat grens aan misdryf, wanneer hulle belasting misbruik wat na regte aan SARS moet oorbetal word. SARS is totaal daartoe toegewyd om hierdie kultuur uit

te roei en het alle nodige hulpbronne ontplooi om nakoming te verseker," het Kommissaris Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak SARS by [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).